Saterdag 10 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:4, 5 (AFR53/AFR83/AFR2020)

## Maar in Christus lewe ons!

"Lewe uit die dood." Dit is 'n gepaste tema vir die perikoop wat ons saamlees vandag. Dit is egter nie net 'n gepaste tema vir die perikoop nie, dit is 'n gepaste tema vir die liefde en trou wat die HERE aan ons bewys het. Die woordjie *"maar"* speel 'n baie belangrike rol daarin om ons te herinner dat daar 'n keerpunt in ons lewe was. Dit herinner ons waar ons vandaan kom en waarheen die HERE met ons op pad is, en hoekom.

Ons was dood as gevolg van ons sonde (Ef. 2:1-3) … *maar* Hy wat ryk is in barmhartigheid het ons innig lief. Hy wat 'n oorvloed het van aanhoudende omgee. Hy het ons onvoorwaarlik lief. Hierdie liefde wat God vir ons het, is nie net lippetaal nie. Hy het hierdie liefde aan ons bewys toe Hy sy Seun na die wêreld gestuur het om nie net vir al ons sonde te sterwe nie, *maar* ook ons verhouding met ons hemelse Vader te herstel.

Jesus Christus het 'n marteldood aan die kruis gesterwe, *maar* Hy is opgewek uit die dood deur 'n wonderbaarlike magsdaad van ons hemelse Vader. Hy was dood, *maar* Hy lewe. Ons was ook geestelik dood, *maar* ons is saam met Hom tot 'n nuwe lewe opgewek.

Ons behoort nou nie aan onsself nie, *maar* aan ons getroue Verlosser Jesus Christus. Ons wy nie meer ons lewe aan die wêreld nie, *maar* aan ons HERE en hemelse Vader. Ons is nie meer bang vir wat die wêreld aan ons kan doen nie, *maar* ons vertrou op die HERE wat mag het oor lewe en dood.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3 (Sb. 33:1, 2, 3)*

*Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)*